

OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA
BUITENGEWONE
OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

30c

Friday 21 July 1989

WINDHOEK

Vrydag 21 Julie 1989

No. 5756

CONTENTS:

INHOUD:

	<i>Page</i>		<i>Bladsy</i>
AG. PROCLAMATION		AG. PROKLAMASIE	
No. AG. 23 Public Gatherings Proclamation, 1989	1	No. AG. 23 Proklamasie op Openbare Byeenkomste, 1989.....	1

PROCLAMATION

PROKLAMASIE

by the

van die

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE
TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE
GEBIED SUIDWES-AFRIKA

*(Approved by the State President on
17 July 1989)*

*(Deur die Staatspresident goedgekeur op
17 Julie 1989)*

No. AG. 23 1989

No. AG. 23 1989

PROVISION FOR THE PROTECTION OF
THE PUBLIC PEACE AND ORDER AT
PUBLIC GATHERINGS

VOORSIENING VIR DIE BESKERMING VAN
DIE OPENBARE RUS EN ORDE OP
OPENBARE BYEENKOMSTE

Under the powers vested in me by Proclamation
181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set
out in the Schedule.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Prokla-
masie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby
die wette in die Bylae vervat.

L. A. PIENAAR

Administrator-General

Windhoek, 18 July 1989

L. A. PIENAAR

Administrateur-generaal

Windhoek, 18 Julie 1989

SCHEDULE

BYLAE

*Definitions**Woordomskrywings*

1. In this Proclamation, unless the context otherwise indicates -

1. In hierdie Proklamasie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken -

- (i) "commander", in relation to a police station, includes a police officer acting under the authority of the commander of that police station; (i)
- (ii) "Commissioner" means the Commissioner of the South West African Police, and includes any other police officer of or above the rank of brigadier; (v)
- (iii) "gathering" means any gathering, meeting, concourse or procession -
 - (a) for the purposes of sections 2 and 3, at which more than 20 persons are present at any time;
 - (b) for the purposes of sections 4, 5 and 6 of any number of persons; (ii)
- (iv) "office hours" means any day, except a Saturday, a Sunday or a public holiday, between 08h00 and 16h00; (iv)
- (v) "organisation" includes any association, group or body of persons irrespective of whether or not any such association, group or body has been incorporated and whether or not it has been established or registered in accordance with any law; (viii)
- (vi) "police officer" means a member of the Force as defined in section 1 of the Police Act, 1958 (Act No. 7 of 1958); (ix)
- (vii) "public gathering" means any gathering in or on a public place; (vi)
- (viii) "public place" includes -
 - (a) any premises or place to which the public, or any section of the public, ordinarily or at specific times or for

- (i) "bevelvoerder", met betrekking tot 'n polisiestasie, ook 'n polisiebeampte wat ingevolge die magtiging van die bevelvoerder van daardie polisiestasie optree; (i)
- (ii) "byeenkoms" enige byeenkoms, vergadering, toeloop of optog -
 - (a) by die toepassing van artikels 2 en 3, waarby meer as 20 persone op enige tydstip aanwesig is;
 - (b) by die toepassing van artikels 4, 5 en 6 van enige getal persone; (iii)
- (iii) "Gebied" die gebied Suidwes-Afrika; (ix)
- (iv) "kantoorure" enige dag, behalwe 'n Saterdag, 'n Sondag of 'n openbare vakansiedag, tussen 08h00 en 16h00; (iv)
- (v) "Kommissaris" die Kommissaris van die Suidwes-Afrikaanse Polisie, en ook 'n ander polisiebeampte met of bo die rang van brigadier; (ii)
- (vi) "openbare byeenkoms" enige byeenkoms in of op 'n openbare plek; (vii)
- (vii) "openbare plek" ook -
 - (a) enige perseel of plek waartoe die publiek of enige deel van die publiek gewoonlik of op spesifieke tye of vir die doeleindes van 'n spesifieke byeenkoms toegang het, hetsy ingevolge 'n reg of uit hoofde van uitdruklike of geïmpliseerde toestemming, en ongeag of die reg van toegang tot die perseel of plek voorbehou word of nie en of betaling vir sodanige toegang vereis word of nie; en

the purposes of a specific gathering, has access, whether as of a right or by virtue of express or implied consent, irrespective of whether or not the right of admission to the premises or place is reserved and whether or not payment is required for such admission; and

(b) any premises or place occupied by the State or any government institution established by or under any law, or any educational institution or the controlling body of an educational institution; (vii)

(ix) "Territory" means the territory of South West Africa. (iii)

(b) enige perseel of plek wat deur die Staat of enige owerheidsinstelling wat by of kragtens enige wet ingestel is, of enige onderwysinrigting of die beheerliggaam van 'n onderwysinrigting geokkupeer word; (viii)

(viii) "organisasie" ook enige vereniging, groep of liggaam van persone ongeag of so 'n vereniging, groep of liggaam met regs persoonlikheid bekleed is en of dit ooreenkomstig 'n wet ingestel of geregistreer is of nie; (v)

(ix) "polisiebeampte" 'n lid van die Mag soos omskryf in artikel 1 van die Polisiewet, 1958 (Wet No. 7 van 1958). (vi)

Notification of public gatherings

2. (1) Subject to subsections (3) and (4), no person shall hold, preside or otherwise officiate at, or address a public gathering unless he, or another person, has given notice in writing to the commander of the police station nearest to the place where the gathering is to be held of -

- (a) the place and time at which the gathering is to be held;
- (b) the nature of the gathering;
- (c) the person or organisation by or in the name, on behalf or in the interests of whom or which the gathering is to be held; and
- (d) the names and addresses of the persons who will preside and otherwise officiate at and address the gathering.

(2) The notice referred to in subsection (1) shall be handed in duplicate at least three days before the date of the gathering during office hours to the commander referred to in subsection (1), and he shall acknowledge receipt on the duplicate of the notice.

Kennisgewing van openbare byeenkomste

2. (1) Behoudens subartikels (3) en (4) mag niemand 'n openbare byeenkoms hou, daarby voorsit of in 'n ander amp optree of dit toespreek nie, tensy hy of 'n ander persoon aan die bevelvoerder van die polisiestasie wat die naaste aan die plek waar die byeenkoms gehou staan te word, geleë is, skriftelik kennis gegee het van -

- (a) die plek waar en die tyd waarop die byeenkoms gehou staan te word;
- (b) die aard van die byeenkoms;
- (c) die persoon of organisasie deur, namens of ten behoeve van wie of in wie se belang die byeenkoms gehou staan te word; en
- (d) die name en adresse van die persone wat by die byeenkoms sal voorsit, in enige ander ampte sal optree en dit sal toespreek.

(2) Die kennisgewing in subartikel (1) bedoel, moet minstens drie dae voor die datum van die byeenkoms gedurende kantoorure in duplikaat aan die bevelvoerder in subartikel (1) bedoel oorhandig word, en hy moet skriftelik ontvangs op die afskrif van die kennisgewing erken.

(3) If the notice referred to in subsection (1) is handed to the commander referred to in subsection (1) less than three days before the date of a public gathering, but more than 24 hours before the commencement of the gathering, the commander may, with the concurrence of the Commissioner, authorise the gathering in writing.

(4) After a person has given notice in terms of subsection (1) of a gathering, he may at any time, before the time indicated in terms of subsection (1)(a), by means of a similar notice alter any of the particulars given in his original notice: Provided that the gathering concerned shall not be held in accordance with those altered particulars unless the commander concerned has, with the concurrence of the Commissioner, authorised the contemplated changes in writing.

(5) The provisions of subsection (1) shall not apply to a public gathering -

- (a) for the purpose of a *bona fide* church service or a funeral;
- (b) in connection with the domestic affairs of any household;
- (c) of the members of a statutory body of persons, held exclusively for the purposes of transacting any business of that body;
- (d) for the purpose of education in terms of any law;
- (e) held as a *bona fide* sports gathering or for entertainment;
- (f) of any assembly, council, committee or other body established by or under any law;
- (g) for official administrative or judicial purposes.

(6) Any person who -

- (a) contravenes or fails to comply with any provision of this section;

(3) Indien die kennisgewing in subartikel (1) bedoel minder as drie dae voor die datum van 'n openbare byeenkoms, maar meer as 24 uur voor die aanvang van die byeenkoms, aan die bevelvoerder in subartikel (1) bedoel, oorhandig word, kan die bevelvoerder, met die instemming van die Kommissaris daardie byeenkoms skriftelik magtig.

(4) Nadat 'n persoon ingevolge subartikel (1) kennis van 'n byeenkoms gegee het, kan hy te eniger tyd voor die tyd aangegee ingevolge subartikel (1)(a), by wyse van 'n dergelike kennisgewing enige besonderhede wat in sy oorspronklike kennisgewing verstrek is, wysig: Met dien verstande dat die betrokke byeenkoms nie ooreenkomstig daardie gewysigde besonderhede gehou mag word nie tensy die betrokke bevelvoerder, met die instemming van die Kommissaris, die beoogde wysigings skriftelik gemagtig het.

(5) Die bepalings van subartikel (1) is nie van toepassing nie op 'n openbare byeenkoms -

- (a) vir die doel van 'n *bona fide*-kerkdiens of 'n begrafnis;
- (b) in verband met die huishoudelike sake van enige huishouding;
- (c) van die lede van 'n statutêre liggaam van persone, wat uitsluitlik vir die verrigting van besigheid van daardie liggaam gehou word;
- (d) vir die doel van onderrig ingevolge enige wet;
- (e) wat as 'n *bona fide*-sportbyeenkoms of vir vermaak gehou word;
- (f) van 'n vergadering, raad, komitee of ander liggaam wat by of kragtens enige wet ingestel is;
- (g) vir amptelike administratiewe of geregtelike doeleindes.

(6) Iemand wat -

- (a) 'n bepaling van hierdie artikel oortree of versuim om daaraan te voldoen;

(b) holds, presides or otherwise officiates at or addresses a public gathering contrary to a statement contained in the relevant notice in terms of subsection (1), or an altered notice referred to in subsection (4);

(c) in a notice in terms of subsection (1) makes a false statement knowing it to be false or without having reasonable grounds for believing it to be true,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R4 000 or to imprisonment for a period not exceeding two years or to both such fine and such imprisonment.

Imposition of conditions for holding of public gatherings

3 (1) If the Commissioner has reason to think that -

- (a) the public peace would be seriously endangered;
- (b) the public order would be threatened;
- (c) any person would be killed or seriously injured or valuable property would be destroyed or seriously damaged;
- (d) feelings of hostility between different sections of the population of the Territory would be caused, encouraged or fomented; or
- (e) any person would be compelled to abstain from doing or to do an act which that person is legally entitled to do or to abstain from doing,

by or at a particular public gathering or any public gathering of a particular nature, class or kind at a particular place or in a particular area or wheresoever in the Territory, he may direct that that particular gathering or any other public gathering with the same purpose, or any public gathering of such a nature, class or kind at that place or in that area or wheresoever in the Territory, shall be held only in accordance with such conditions as he may determine in the direction

(b) 'n openbare byeenkoms hou, daarby voorsit of in 'n ander amp optree of dit toespreek in stryd met 'n verklaring vervat in die betrokke kennisgewing ingevolge subartikel (1) of 'n gewysigde kennisgewing in subartikel (4) bedoel;

(c) in 'n kennisgewing ingevolge subartikel (1) 'n valse verklaring doen wetende dat dit vals is of sonder dat hy redelike gronde het om te glo dat dit waar is,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R4 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

Oplê van voorwaardes vir die hou van openbare byeenkomste

3. (1) Indien die Kommissaris rede het om te glo dat -

- (a) die openbare rus ernstig in gevaar gestel sal word;
- (b) die openbare orde bedreig sal word;
- (c) iemand gedood of ernstig beseer of waardevolle goed verniel of ernstig beskadig sal word;
- (d) vyandiggesindheid tussen verskillende dele van die bevolking van die Gebied veroorsaak, aangemoedig of aangestook sal word; of
- (e) enige persoon gedwing sal word om 'n handeling na te laat of te verrig wat daardie persoon regtens mag doen of nalaat,

deur of by 'n bepaalde openbare byeenkoms of enige openbare byeenkoms van 'n bepaalde aard, klas of soort op 'n bepaalde plek of in 'n bepaalde gebied of waar ook al in die Gebied, kan hy gelas dat daardie bepaalde byeenkoms of enige ander openbare byeenkoms met dieselfde doel, of enige openbare byeenkoms van so 'n aard, klas of soort op daardie plek of in daardie gebied of waar ook al in die Gebied, slegs gehou mag word ooreenkomstig die voorwaardes wat hy

concerned which are reasonably necessary to prevent any result referred to in paragraph (a), (b), (c), (d) or (e).

(2) When the Commissioner issues a direction under subsection (1) -

(a) he shall do so -

- (i) by notice in the *Official Gazette*;
- (ii) by notice in a newspaper circulating where the prohibition is to apply;
- (iii) by causing it to be made known by means of radio or television;
- (iv) by causing notices to be distributed amongst the public and to be affixed in public or prominent places where the prohibition is to apply; or
- (v) by causing it to be announced orally where the prohibition is to apply,

whichever manner is, in his opinion, the most suitable in the circumstances of the case to make the conditions known to all persons concerned;

(b) he may, if it is known to him that a particular person is to convene or organise a public gathering to which the direction will be applicable, cause a written notice containing the direction and addressed to that person, to be delivered or tendered to that person.

(3) The Commissioner may at any time in any like manner withdraw or amend a direction issued by him under subsection (1).

(4) Any person who -

(a) holds a public gathering contrary to a condition contained in a direction under subsection (1);

in die betrokke lasgewing bepaal en wat redelikerwys nodig is om 'n gevolg bedoel in paragraaf (a), (b), (c), (d) of (e) te voorkom.

(2) Wanneer die Kommissaris 'n lasgewing kragtens subartikel (1) uitreik -

(a) moet hy dit doen -

- (i) by kennisgewing in die *Offisiële Koerant*;
- (ii) by kennisgewing in 'n nuusblad in omloop waar die lasgewing van toepassing moet wees;
- (iii) deur dit deur middel van die radio of televisie te laat bekend maak;
- (iv) deur kennisgewings onder die publiek te laat versprei en op openbare of opvallende plekke waar die lasgewing van toepassing moet wees, te laat aanplak; of
- (v) deur dit mondeling te laat aankondig waar die lasgewing van toepassing moet wees,

welke wyse ook al na sy oordeel in die omstandighede van die geval die geskikste is om die voorwaardes aan alle betrokke persone bekend te maak;

(b) kan hy, indien dit aan hom bekend is dat 'n bepaalde persoon 'n openbare byeenkoms waarop die lasgewing van toepassing sal wees, wil belê of reël, 'n skriftelike kennisgewing waarin die lasgewing vervat is en wat gerig is aan daardie persoon, aan daardie persoon laat oorhandig of aanbied.

(3) Die Kommissaris kan te eniger tyd op enige dergelike wyse 'n lasgewing kragtens subartikel (1) uitgereik, intrek of wysig.

(4) Iemand wat -

(a) 'n openbare byeenkoms hou in stryd met 'n voorwaarde vervat in 'n lasgewing kragtens subartikel (1);

- (b) attends a public gathering held contrary to any such condition; or
- (c) attends a public gathering to which such direction is applicable, where such attendance is contrary to any such condition,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R4 000 or to imprisonment for a period not exceeding two years or to both such fine and such imprisonment.

Prohibition on carrying of weapons at public gatherings

4. (1) Subject to the provisions of subsection (3), no person shall at any public gathering have any weapon with him.

(2) For the purposes of subsection (1) "weapon" shall include –

- (a) a dagger;
- (b) an axe or a battle-axe;
- (c) a pick;
- (d) a spear, an assegai, a lead, iron or other metal loaded stick or spiked stick or a stick exceeding 2,5 centimetres in diameter;
- (e) any knife with a blade longer than 10 centimetres;
- (f) a handle with wire, chain or other heavy substance attached to it;
- (g) a metal rod or wire exceeding ,5 centimetres in diameter and 20 centimetres in length;
- (h) a knuckleduster;
- (i) a sandbag;
- (j) a jumper, a crowbar or hammer;
- (k) a baton;

(b) 'n openbare byeenkoms bywoon wat in stryd met so 'n voorwaarde gehou word; of

(c) 'n openbare byeenkoms waarop so 'n lasgewing van toepassing is, bywoon waar sodanige bywoning in stryd is met so 'n voorwaarde,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R4 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

Verbod op dra van wapens by openbare byeenkomste

4. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (3), mag niemand op of by 'n openbare byeenkoms enige wapen by hom hê nie.

(2) By die toepassing van subartikel (1) beteken "wapen" ook –

- (a) 'n dolk;
- (b) 'n byl of strydbyl;
- (c) 'n pik;
- (d) 'n spies, assegaai, met lood-, yster of ander metaalbeswaarde stok, skerp-puntige stok of stok met 'n deursnee van meer as 2,5 sentimeter;
- (e) 'n mes met 'n lem langer as 10 sentimeter;
- (f) 'n steel met draad, kettings of ander swaar materiaal daaraan geheg;
- (g) 'n metaalstaaf of draad met 'n deursnee van meer as ,5 sentimeter en met 'n lengte van meer as 20 sentimeter;
- (h) 'n vuistsyster;
- (i) 'n sandsak;
- (j) 'n boorstaaf, koevoet of hamer;
- (k) 'n knuppel;

- | | |
|---|---|
| <p>(l) any imitation of any fire-arm;</p> <p>(m) any fire-arm, but excluding a pistol or revolver carried in a bag, holster or other container in such a manner that it is completely concealed;</p> <p>(n) any other article declared by the Administrator-General by notice in the <i>Official Gazette</i> to be a weapon for the purposes of this section.</p> | <p>(l) enige namaaksel van enige vuurwapen;</p> <p>(m) 'n vuurwapen, maar nie ook 'n pistool of rewolwer wat in 'n sak, holster of ander houer gedra word op so 'n wyse dat dit volkome verberg is;</p> <p>(n) enige ander voorwerp wat die Administrateur-generaal by kennisgewing in die <i>Offisiële Koerant</i> vir doeleindes van hierdie artikel tot 'n wapen verklaar.</p> |
|---|---|

(3) Subsection (1) shall not apply in respect of a police officer serving as such an officer at such a gathering.

(3) Subartikel (1) is nie van toepassing nie ten opsigte van 'n polisiebeampte wat by so 'n byeenkoms as so 'n beampste diens doen.

(4) Any person who contravenes subsection (1), shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R4 000 or to imprisonment for a period not exceeding two years or to both such fine and such imprisonment.

(4) Iemand wat subartikel (1) oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R4 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

Dispersal of riotous public gatherings, and manner of dispersal

Uiteendrywing van oproerige openbare byeenkomste, en wyse van uiteendrywing

5. (1) When any persons attending a public gathering -

5. (1) Wanneer enige persone wat 'n openbare byeenkoms bywoon -

- | | |
|---|--|
| <p>(a) kill or seriously injure any person, or attempt or show a manifest intention of doing so;</p> <p>(b) destroy or do serious damage to any valuable property, or attempt or show a manifest intention of doing so;</p> <p>(c) advise, encourage, incite, order or in any other manner instigate anyone at that gathering -</p> <p style="margin-left: 2em;">(i) to cause, encourage or further an insurrection or forcible resistance to a government, administration or authority legally established or recognised in or for the Territory, or vested with authority in respect of the Territory;</p> <p style="margin-left: 2em;">(ii) to use, or to cause, encourage or further the use of, violence against any</p> | <p>(a) iemand dood of ernstig beseer, of poog of klaarblyklik van voorneme is om dit te doen;</p> <p>(b) enige waardevolle goed verniel of ernstig beskadig, of poog of klaarblyklik van voorneme is om dit te doen;</p> <p>(c) enigiemand by daardie byeenkoms aanraai, aanmoedig, uitlok, beveel of op enige ander wyse aanstig -</p> <p style="margin-left: 2em;">(i) om 'n opstand of gewelddadige verset teen 'n regering, administrasie of owerheid wat regtens in of vir die Gebied ingestel of erken is of met gesag ten opsigte van die Gebied bekleed is, te veroorsaak, aan te moedig of te bevorder;</p> <p style="margin-left: 2em;">(ii) om geweld teen enige persoon of kategorie persone of persone in die algemeen te gebruik, of die gebruik daar-</p> |
|---|--|

person or category of persons or persons generally; or

- (iii) to destroy or seriously damage any valuable property, or to cause, encourage or further its destruction or serious damage to it,

a police officer of or above the rank of warrant officer may call upon the persons attending the gathering to disperse, and for that purpose he shall endeavour to obtain the attention of those persons by such lawful means as he deems most suitable, and then in a loud voice order them in the Afrikaans or in the English language to disperse and to depart from the place of the gathering within the time specified by him.

(2) If within the time so specified the persons assembled have not thus dispersed and departed, a police officer of or above the rank aforesaid may order the police under his command to disperse the gathering and may for that purpose order the use of force, including, subject to the provisions of section 6, the use of firearms and the other weapons mentioned in section 6, but the degree of force which may be thus used shall not be greater than is reasonably necessary for dispersing the persons assembled, and the force used shall be moderated and proportionate to the circumstances of the case and the object to be attained.

(3) Any person who refuses or fails forthwith to obey an order given under subsection (1) shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R2 000 or to imprisonment for a period not exceeding two years.

Restriction as to use of firearms or other lethal weapons to disperse public gatherings

6. (1) Firearms or other weapons likely to cause serious bodily injury or death shall not, by virtue of the power conferred by section 5, be used to disperse a public gathering until weapons less likely to cause such injury or death have been used and the gathering has not been dispersed, or

van te veroorsaak, aan te moedig of te bevorder; of

- (iii) om enige waardevolle goed te verniel of ernstig te beskadig of die vernieling of ernstige beskadiging daarvan te veroorsaak, aan te moedig of te bevorder,

kan 'n polisiebeampte met die rang van adjudant-offisier of 'n hoër rang die persone wat die byeenkoms bywoon, aansê om uiteen te gaan, en vir daardie doel moet hy die aandag van daardie persone probeer trek op die wettige wyse wat hy die geskikste ag, en hulle vervolgens met luide stem in die Afrikaanse of in die Engelse taal beveel om binne 'n deur hom vasgestelde tyd uiteen te gaan en van die plek van byeenkoms te vertrek.

(2) Indien die byeengekome persone nie binne die aldus vasgestelde tyd aldus uiteengegaan en vertrek het nie, kan 'n polisiebeampte met voorafmelde of 'n hoër rang aan die polisie onder sy bevel opdrag gee om die byeenkoms uiteen te dryf en vir dié doel die gebruik van geweld gelas, met inbegrip van, behoudens die bepalinge van artikel 6, die gebruik van vuurwapens en die ander wapens in artikel 6 vermeld, maar daar mag nie 'n groter mate van geweld aldus gebruik word nie as wat redelikerwys nodig is om die byeengekome persone uiteen te dryf, en die geweld wat gebruik word, moet gematig wees en in verhouding tot die omstandighede van die geval en die doel wat beoog word.

(3) Iemand wat weier of versuim om onverwylde uitvoering te gee aan 'n bevel kragtens subartikel (1), is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R2 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar.

Beperking op gebruik van vuurwapens of ander dodelike wapens om openbare byeenkomste uiteen te dryf

6. (1) Vuurwapens of ander wapens wat waarskynlik ernstige liggaamlike besering of die dood sal veroorsaak, mag nie uit hoofde van die by artikel 5 verleende bevoegdheid gebruik word om 'n openbare byeenkoms uiteen te dryf nie, alvorens wapens wat minder waarskynlik sonda-

unless or until any persons attending the gathering -

- (a) kill or seriously injure any person, or attempt or show a manifest intention of doing so; or
- (b) destroy or do serious damage to valuable property, or attempt or show a manifest intention of doing so.

(2) Firearms or other weapons likely to cause serious bodily injury or death shall be used for the purposes aforesaid with all reasonable caution, without recklessness or negligence, and so as to produce no further injury to any person than is reasonably necessary for the attainment of the object aforesaid.

Saving of other laws as to dispersal of riotous gatherings

7. Nothing contained in this Proclamation shall be construed as affecting or derogating from any right conferred or duty imposed upon any police officer or any member of the public under any other statute or under the common law to assist in the dispersal of riotous gatherings or in the prevention and suppression of riotous and seditious acts.

Repeal of certain provisions of Act 17 of 1956

8. Sections 1, 3, 5, 7, 8 and 9 of the Riotous Assemblies Act, 1956, (Act No. 17 of 1956), are hereby repealed.

Short title

9. This Proclamation shall be called the Public Gatherings Proclamation, 1989.

nige besering of die dood sal veroorsaak, gebruik is en die byeenkoms nie uiteengedryf is nie, of tensy of totdat enige van die persone wat die byeenkoms bywoon -

- (a) iemand dood of ernstig beseer of poog of klaarblyklik van voorneme is om dit te doen; of
- (b) waardevolle goed verniel of ernstig beskadig of poog of klaarblyklik van voorneme is om dit te doen.

(2) Vuurwapens of ander wapens wat waarskynlik ernstige liggaamlike besering of die dood sal veroorsaak, moet met alle redelike versigtigheid, sonder roekeloosheid of nalatigheid, vir voormelde doeleindes gebruik word, en op so 'n wyse dat niemand meer beseer word as wat vir die bereiking van voormelde doel redelikerwys noodsaaklik is nie.

Voorbehoud van ander wette betreffende uiteendrywing van oproerige byeenkomste

7. Die bepalings van hierdie Proklamasie word nie so uitgelê dat dit enige reg of plig wat ingevolge ander wetsbepalings of ingevolge die gemene reg aan lede van die polisie of lede van die publiek verleen of opgelê is om by die uiteendrywing van oproerige byeenkomste of by die voorkoming en onderdrukking van oproerige en sedisieuse handelingte hulp te verleen, aantas of daarop inbreuk maak nie.

Herroeping van sekere bepalings van Wet 17 van 1956

8. Artikels 1, 3, 5, 7, 8 en 9 van die Wet op Oproerige Byeenkomste, 1956 (Wet No. 17 van 1956), word hierby herroep.

Kort titel

11. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op Openbare Byeenkomste, 1989.

Printed by
JOHN MEINERT (PTY) LTD.
Obtainable from
STAR BINDERS & PRINTERS
P.O. Box 56, Windhoek
South West Africa

Gedruk deur
JOHN MEINERT (EDMS) BPK.
Verkrygbaar by
STAR BINDERS & PRINTERS
Posbus 56, Windhoek
Suidwes-Afrika